

Die Handeling van die Apostels: Stefanus se toespraak vervolg (Hand 7:1-53) – Francois Malan

7:9-39 Die

genadeverbond is die Here se woord aan Abraham in Genesis 17:7-9,14: 'Ek sal

julle God wees en julle sal my volk wees...wat my verbond nakom; elkeen wat my

verbond verbreek, moet van sy volksgenote afgesny word' (en in menige tekste in

die Ou Testament, bv. Jer 7:23; 11:4; 24:7; 30:22, 31:33).

Stefanus verwys in

7:9-39 na twee figure in die Ou Testament, Josef en Moses, wat hy as voorbeelde

voorhou van **Israel se verwerping van hulle Redder**, soos die volk nou met

Jesus Christus gedoen het.

Die geskiedenis van Josef (Hand 7:9-16)

7:9 Uit **jaloesie**

het Josef se 11 broers, wat saam met hom Israel se stamvaders was, hom as slaaf

verkoop om na Egipte geneem te word. Hulle was jaloers op Josef oor Jakob se

voortrekkery van die seun van sy geliefde vrou Ragel, oor sy voorbeeldige lewe

en die slegte stories wat hy oor hulle by hulle pa aangedra het, en oor die

Here se seën oor hom met die drome wat hy gehad het (Gen. 29:18; 37:2-11; 18-20; 28). Maar God was met hom en het deur dié slaaf in Egipte Israel se redding bewerk (vgl. Gen 45:7; 50:20), soos wat die Here deur Jesus die mensdom se redding bewerk het, die Jesus wat deur die Raad verkoop is en laat kruisig is.

7:10 Die Here

het Josef uit al sy beproewings (*thlipsis* moeilikheid wat direkte lyding bring) **gered**, uit sy slawenskap, uit Potifar se vrou se kloue, uit die tronk. Toe Josef voor die Farao verskyn, het die Here aan hom wysheid en die guns van die Farao en al sy amptenare geskenk (Gen 41:37-39). Daarop het die Farao vir Josef aangestel as die regeerder oor Egipte en oor sy hele huis (Gen 41:40-41: oor sy paleis en oor sy hele volk en oor die hele land Egipte; vgl. Ps 105:21-22). So is Jesus verhoog tot die regterhand van God as Leidsman en Verlosser van sonde (Hand 5:31).

7:11 Die

broers het Josef in **baie noodsituasies** laat beland (*thlipsis*, 7:10).

Na 'n paar jaar laat die Here die hele Egipte en Kanaän in 'n groot nood (*thlipsis*) beland met die sewe jaar droogte wat op die sewe jaar oorvloed gevolg het, soos Josef die Farao se twee drome uitgelê het as 'n openbaring van

wat God gaan
doen (Gen 41:25,28,32). Die gevolg was 'n wydverspreide
hongersnood (Gen 41:56
'oor die hele wêreld was daar hongersnood') sodat 'ons vaders'
geen kos kon kry
nie, en sou sterf (Gen 42:2), hulle wat vir Josef sonder kos
in die put gegooi
het. Met 'ons vaders' wys Stefanus dat die gebeure van destyds
ook vir hom en
die huidige geslag raak.

7:12 In die
nood van Abraham se nageslag het die Here sewe jaar voor die
hongersnood al
voorsiening gemaak, deur Josef se raad om die sewe vet jare se
oorvloed in
skure te berg vir die sewe maer jare (Gen 41:34-36). Die Here
laat Jakob hoor
dat daar graan in Egipte is, en hy stuur 'ons vaders' daarheen
(Gen 42:2). So
het die Here deur die wysheid wat Hy aan Josef gegee het, die
redding van sy
volk en die omliggende volke berei (Gen 41:57).

7:13 Soos
Lukas die prediking en genesings deur die apostels beskou as
'n **tweede koms**
van Christus na Israel (Hand 3:26), beskryf Petrus Moses se
twee pogings om
Israel te red in Hand. 7:23-25 en 34. By die tweede besoek van
Josef se broers
om hulle van die hongersnood te red, het Josef hom aan hulle
bekendgemaak as
hulle redder (7:13). Josef se herkoms het ook aan die Farao en
die hele

heidense Egipte bekend geword. So word Jesus se herkoms uit die hemel aan die regterhand van God as God aan die wêreld bekendgestel. Sy naam Jesus beteken ook Jahweh red, die HERE is die Verlosser.

7:14 Die 75

mense (letterlik siele), **die kern van die volk van die Here**, moes toe

die land wat die Here aan hulle beloof het, verlaat (Genesis 46:26 se getalle

is effe verwarrend met 66 afstammeling van Jakob sonder die seuns se vroue en

altesaam 70 afstammeling met Josef en sy twee seuns bygereken. Die Griekse

vertaling het 9 seuns vir Josef en 'n totaal van 75 mense van die huis van

Jakob, ook so in Eksodus 1:5. Josef se 9 kinders sluit seker sy 3 kleinseuns en

twee agterkleinkinders in, Gen 50:23).

7:15-16 Hier loop Stefanus se **weergawe van die geskiedenis** effe deurmekaar. Josef is in Sigem begrawe op die stuk grond wat Jakob vir 100 stukke silwer by Gamor gekoop het (Josua 24:32; Gen 33:19; 50:25). Jakob is begrawe in die spelonk van Magpela by Hebron wat Abraham by die Hetiet Efron gekoop het (Gen 49:29-32; 50:12; 23:17-20). Die broers van Josef is volgens Josephus *Ant* 2:8:2 in Hebron begrawe, waar hulle vandag nog met 'n senotaaf in 'n moskee vereer word. Josef se geskiedenis onderstreep dat **die Here sy reddingsplan deurvoer** teen alles wat die mens as onwaarskynlik beskou. Jesus het oor die onmoontlikheid dat enigiemand gered kan word gesê: Wat onmoontlik is by mense, is moontlik by God (Luk 18:27).

Die Handeling van die Apostels: Stefanus se toespraak (Hand 7:1-53) – Francois Malan

Stefanus se toespraak is eintlik nie 'n direkte antwoord op die aanklag teen hom nie, maar 'n frontaanval op die manier waarop die Joodse leiers deur die eeue die profete wat die Here na hulle gestuur het, verwerp het. Dit eindig in verse 44-50 met sterk argumente teen die tradisionele Joodse houding oor die tempel. In die loop van die toespraak word die twee hoofpunte van die klag in 6:13 indirek beantwoord, naamlik oor die **'heilige tempel'** en oor die **'Wet van Moses.'**

Stefanus

herinner sy hoorders dat God aan Abraham verskyn het buite die heilige land,

voordat Hy die wet gegee het en voordat die tempel bestaan het (7:2-8). Hy

herinner hulle dat die Jode dwarsdeur hulle geskiedenis konstant die persone

wat God na hulle gestuur het, **verwerp** het, soos byvoorbeeld vir Josef

(7:9-16) en Moses (7:17-43). En dat hulle, die huidige leiers

en die volk vir
Jesus verwerp het, die man wat God na hulle gestuur het. Deur
hulle toewyding
aan die tempel het hulle God nie herken toe Hy met hulle in
die persoon van
Jesus Christus gepraat het nie.

7:1

Die hoëpriester vra vir Stefanus: 'Is dit regtig so?' Daarmee
verwys hy na die
klagtes wat teen Stefanus gelê is in 6:13-14, naamlik dat
hulle gehoor het
Stefanus sê dat Jesus die heilige plek sal afbreek, en die
gebruike wat Moses
aan hulle oorgelewer het sal verander. Dit gaan nie oor die
meriete van die
uitsprake nie, maar **of Stefanus dit gesê het.**

Die geskiedenis van Abraham (Hand 7:2-8)

7:2

Stefanus begin sy toespraak eerbiedig met: 'Manne broers en
vaders, luister:...'
Anders as Jesus wat op sy aanklagte voor die Raad net
stilgebly het, het
Stefanus 'n lang toespraak om sy getuienis oor Jesus te
verduidelik. Deurgaans
verwys hy na sy en hulle voorouers as '**ons vaders**' se
geskiedkundige
hardnekkigheid en sluit hom by hulle in (verse
11,15,19,38,44), en in vers 51
'julle vaders' toe hy sy preek op die
Raadslede toepas.

Die

benaming **'die God van heerlikheid'**

(*kabōd doksa*) kom uit Ps 29:3 (1983 vertaling: die magtige God). Die heerlikheid

onderskei die Here van alle ander gode en beskryf die volheid van sy deugde

soos dit geopenbaar word in sy beheer oor die hele skepping – iets van die

heerlikheid van God is weerspieël op die aangesig van Stefanus (6:15). So het

Moses en Elia in die hemelse glans op die berg van Jesus se verheerliking

verskyn (Luk 9:31). In Hand 7:55 het Stefanus die heerlikheid van God aanskou.

Die God van heerlikheid het aan Abraham verskyn in Ur van die Galdeërs, in die

suide van Mesopotamië (Gen 11:31; 15:7; Neh 9:7), toe hy waarskynlik nog 'n

heidense maanaanbidder was (Die maan as die vader van die son is in Babilonië,

en veral in Ur en in Haran in die noorde van Mesopotamië as god aanbid). Die

verskyning van die God van heerlikheid aan Abraham het die hele geskiedenis van

die wêreld verander, en die heerlikheid van God is die grondslag van Israel se

bestaan as volk. Stefanus wil wys dat hy self juis die God van die verbond met

Abraham vereer en verkondig. Die openbaring van God aan Abraham het in die

heidense land geskied. God se teenwoordigheid en sy verering is nie aan 'n

tempel gebonde nie. Die wet kom ook meer as 400 jaar na Abraham se roeping.

Genesis 12:1 word hier aangehaal. Met die bevel om sy land en familie te verlaat het die Here van Abraham 'n **vreemdeling** gemaak in die land wat Hy aan hom sal aanwys. Die tema kom weer in die toespraak voor: Abraham se nageslag sou 400 jaar lank vreemdelinge in Egipte word (7:6), Jakob sou as vreemdeling in Egipte sterf (7:15), Moses word 'n vreemdeling in Midian (7:29), Israel word later vreemdelinge in Babilon (7:43). Vir Abraham het die opdrag van die Here beteken dat hy in geloof en vertroue op die Here die vreemde moes in, en hom moes oorgee aan die daaglikse leiding van die Here. Sy familie het skynbaar later weer afgode begin dien of bly dien, soos spreek uit Laban se afgodsbeeldjies in Genesis 31:19.

7:4

Die weergawe van Stefanus oor die roepingsgeskiedenis van Abraham verskil skynbaar van Genesis 11:27-32 se gebeure en jaartalle, maar dit is nie so duidelik 'n verskil nie. Tera was 205 jaar oud toe hy in Haran sterf (Gen 11:32). Op 70 het hy die vader geword van Abram, Nahor en Haran (Gen 11:27). Of Abram die oudste was, word nie gesê nie, maar vir die skrywer van Genesis was Abram die belangrikste van die drie seuns, en word daarom eerste genoem. Haran, die vader van Lot, het al in Ur gesterf toe Tera nog geleef het (Gen 11:28). Abram was 75 toe hy uit Haran weggetrek het (Gen 12:4). Indien

Haran die oudste was, wat gebore is toe Tera 70 was (Gen 11:25), moes Haran 60 jaar ouer as Abram gewees het om Abram se vertrek uit Haran na sy pa se dood op 205 jaar te stel ($70+60+75=205$). Dit kan die teenstrydigheid verklaar, maar is onwaarskynlik. Die roeping van Abram word in Gen 12:1 genoem, direk na die berig oor sy pa se dood (Gen 11:32), wat aanleiding kon gegee het tot Stefanus se idee dat Tera al dood was met Abram se vertrek uit Haran. Die Joodse wysgeer Philo, wat in 50 n.C. gesterf het, het ook Abram se vertrek uit Haran ná Tera se dood gestel, moontlik om dieselfde rede. Dat Stefanus sê 'die Here het Abram laat verhuis na die land waarin julle woon' impliseer dat Stefanus van die **Raad vreemdelinge in die Here se land** maak omdat hulle nie in Jesus as die Here van die land aan God se regterhand glo nie.

7:5

Die Here gee egter geen erfdeel in die land aan Abraham tydens sy lewe nie, nie eers 'n voetstap nie (Griekse idioom vir 'n tree of 'n vierkante tree; hy koop later wel self die spelonk van Magpela as sy besitting vir 'n kerkhof; Gen 23:18), maar die Here belowe dat Hy die hele land aan hom en aan sy 'saad' saam met hom as besitting sal gee, hoewel hy op sy ouerdom nog geen kind gehad het nie. Al wat Abram gehad het toe hy as vreemdeling in Kanaän rondgeswerf het, is **die Here se belofte** van

'n groot nageslag en die besitting van die hele Kanaän (Gen 17:1-8). Dit was nog voor God die wet gegee het en die tabernakel in Moses se tyd laat oprig het, meer as 400 jaar na Abraham. Die soort vertrouwe op die Here en sy woord makeer egter by die Joodse Raad wat nie in Jesus as die 'saad' van Abraham glo nie.

7:6

Daarby belowe die Here vir Abraham se nageslag 400 jaar se slawenskap, as **vreemdelinge** in ander se land waar die ander mense hulle sleg sal behandel, soos die Here in Genesis 15:13 aan Abram gesê het (Eks 12:41 sê dit was presies 430 jaar, maar in 15:13 is die eerste paar jaar uitgesluit, toe dit met hulle goed gegaan het in Egipte onder Josef). Eers na hulle slawerny sal die Here se belofte vervul word en sou hulle die wet en die tabernakel van Hom ontvang. Deur die eeue word die volk van die Here geroep om in geloof in God en sy woord te lewe.

7:7

Die Here het aan Abraham belowe dat Hy die volk sou straf deur hulle slawe in Egipte te maak en dan sou die Here hulle verlos (Gen 15:14). Na hulle vertrek uit Egipte sou hulle die Here hier in dié plek, **in die tempel in Jerusalem**, in vryheid kom dien (Eks 3:12 verwys na die berg Sinai in die Here se belofte

aan Moses; maar reeds in Gen 22:2,14

word

Moria 'die berg waar die Here voorsien,' genoem, waar Salomo later die tempel gebou het, 2 Kron 3:1). Wat God sê, doen Hy op sy tyd.

7:8 Die Here het met Abraham 'n **blywende verbond** gesluit om sy God te wees en die God van sy nageslag (Gen 17:7). Die Here het die besnydenis gegee as teken van sy verbond met Israel. Elke seun onder hulle moes op sy agtste dag besny word (Gen 12:11). Met die Here se gawe van sy verbond en die teken daarvan, moes Abraham se nageslag vir meer as 400 jaar in geloof en afwagting lewe voordat hulle die landsbelofte ontvang het. Op die agtste dag het Abraham vir Isak besny (Gen 21:4) en so ook Isak vir Jakob en Jakob vir die twaalf aartsvaders op hulle agtste lewensdag (die besnydenis van Jakob en sy twaalf word nie in die Ou Testament uitdruklik vermeld nie). Vir Stefanus berus Israel se sekerheid van God se seënende genade op die Here se verbond met Abraham en sy nageslag, nie op die tempel of die wet nie. Die tempel is al 'n slag verwoes deur Nebukadnesar, maar die Here se genadeverbond met Israel het bly staan. Die Here se verbond met Israel is die rede vir hulle bestaan en is ouer en belangriker as die tempel of die wet van Moses.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die Handeling van die Apostels: Stefanus word gevange geneem (Hand 6:8-15) – Francois Malan

6:8 Lukas beskryf hier die geskiedenis van een van die diakens, van Stefanus, wat met sy marteldood eindig. In Handeling 6:5 is hy reeds beskryf as 'vol van geloof en die Heilige Gees' – dat die Heilige Gees in hom 'n sterk geloof in Jesus geskenk het en dat sy lewe getuig het van die werking van die Gees in sy lewenswyse wat deur almal gesien kon word. Hier word daarna verwys. Sy lewe was 'n getuigenis van die Heilige Gees se genadewerking in en deur hom, dat hy met die krag van die Heilige Gees groot wonders en tekens onder die volk verrig het, soos die apostels (2:43; 5:12). In 4:30 word dit uitgespel as 'tekens en wonders deur die Naam (= Persoon) van u heilige Dienskneg Jesus.' Die groot wondertekens verwys waarskynlik na baie gevalle waar Jesus deur Stefanus siek lede van die volk in Jerusalem gesondgemaak het en van die Griekssprekende Joodse weduwees op wonderbaarlike wyse versorg het, deur **Stefanus as sy instrument.**

6:9 'Hulle het opgestaan (= begin)

om teen Stefanus te redeneer...' en tussenin word vertel wie hulle almal was. Dit was waarskynlik almal ongelowige Helleniste, Jode wat Grieks gepraat het, en nie Hebreus of Aramees nie, en benewens die tempel hulle eie sinagoge gehad het. Tydens die ballingskap en die diaspora (verspreiding) van die Jode oor die hele Romeinse ryk, het Jode in die stede waar hulle gewoon het, begin bymekaarkom in sinagoges wat hulle gebou het, waar veral onderrig aan die Jode gegee is, ook aan hulle kinders, en op die Sabbat byeenkomste gehou is. In Jerusalem was daar so 'n sinagoge of sinagoges. Dit was juis weduwees wat uit dié Griekssprekende groepe tot geloof in Jesus gekom het en kom kla het dat hulle met die daaglikse versorging deur die gemeente oor die hoof gesien is. Stefanus kon moontlik ook uit hierdie groep gekom het. Hier is sprake van die sinagoge van die Libertyne, soos dit bekend gestaan het – Dit is 'n Latynse naam vir 'n groep Jode wat slawe was maar later vrygelaat is. As dit 'n slaaf was wat 'n Romeinse burger se eiendom was, kon hy by vrylating ook Romeinse burgerreg ontvang het. Daar was ook Griekssprekende Jode uit die provinsie Sirene in Afrika (vgl. Simon van Sirene wat Jesus se kruis moes dra, Mark 15:21), en uit Alexandrië in Egipte waarheen Jode reeds in Jeremia se tyd gevlug het (Jer 43:1-7; 560 v.C.). Verder was daar Griekssprekende Jode uit die provinsie Silisië (in Klein-Asië waarvandaan Paulus gekom het,

Hand 23:34) en
uit die provinsie Asië met die hoofstad Efese in Klein-Asië.
Van die mense uit
dié groepe het reeds op die Pinksterdag tot geloof in Jesus
gekom (vgl.
2:9-10). Stefanus het blykbaar in dié sinagoge **ook teenoor die
ongelowige
Jode gaan getuig** oor Jesus se opstanding. Maar hulle het teen
hom
geredeneer (*suzêteō*).

6:10 Die Griekssprekende Jode
was egter nie in staat om die **wysheid en die Gees**, waarmee
Stefanus oor
Jesus gepraat het, te weerstaan nie – soos Jesus in Lukas
21:12-15 belowe het.
Dié wysheid het die Heilige Gees vir Stefanus op daardie
oomblik gegee om die
redenasies van die Jode teen hom te kan weerlê.

6:11 Hulle het toe manne
omgekoop om te sê: Ons het gehoor **hy praat lasterlik oor Moses
en God** –
so het die Raad vir Judas omgekoop om Jesus te verraai (Luk
22:5) en die wagte
by die graf van Jesus, om te vertel dat die dissipels Jesus se
liggaam gesteel
het (Matt 28:12-13). Jesus is op die ou end ook weens
lastering tot die dood
veroordeel deur die Joodse Raad (Matt 26:65-66). Stefanus se
interpretasie van
Moses se wet en sy insig in God se doel met sy Joodse volk het
lynreg verskil
van die nasionalistiese siening en verwagting van dié Jode.
Ook die tipiese

Joodse geloof dat jy jou sonde deur goeie werke kan neutraliseer en God so behaag, het Stefanus se onderrig as verkeerd bewys, omdat Jesus die straf op al ons sonde gedra het en dat geloof in Jesus die enigste manier is om God te behaag (Hand 5:31).

6:12 Hulle, die omgekoopte manne of lede van die sinagoge met die getuienis van die omgekoopte manne, het **haat teen Stefanus opgewek** onder die volk en die volksleiers, wat bestaan het uit die familiehoofde en die skrifkenners. Toe het hulle, waarskynlik lede van die volk en van die volksleiers Stefanus aangeval, met geweld gegryp en voor die Sanhedrin gebring – waar die familiehoofde en skrifkenners sitting het saam met die leierpriesters.

Vir die eerste maal lees ons hier dat **die volk** ook teen die dissipels gedraai het. In die vorige hoofstukke was hulle nog in groot aansien by die volk (2:47; 4:21; 5:13-16). Die volk was ook opgestook teen Jesus, Mark 15:11. Nou word hulle opgestook teen Stefanus, die getuie van Jesus se woorde. Die Helleniste het die volksleiers gou oortuig om 'n vinnige Raadsvergadering byeen te roep om hulle aanklag teen 'n getuie van Jesus te lêmet die omgekooptes as valse getuies om hulle klag te ondersteun.

6:13-14 Die vals getuies word voor die Raad gestel om Stefanus se laster teen Moses en God te lê: Hulle verklaar: 'Hierdie man (Stefanus) hou nie op om woorde te praat **teen hierdie heilige plek en die Wet** nie.' Die heilige plek en die Wet verwys eintlik na God, maar die Jode probeer die naam God vermy om dit nie ydelik te gebruik nie (Eks 20:7). Jesus het egter volgens Matt 23:21 gesê: 'Wie sweer by die heiligdom, sweer daarby en by Hom wat dit bewoon. Hulle verduidelik hulle aanklag met hulle leuens: Ons het hom (Stefanus) hoor sê – ons is oorgetuies van sy woorde! Met minagting verwys hulle na Jesus (Jahweh se Verlosser) van die onbeduidende dorpie Nasaret: 'Hierdie Jesus van Nasaret sal hierdie plek (die tempel) afbreek (*kataluō* afbreek, heeltemal vernietig; vgl. die valse getuienis teen Jesus in Markus 14:58; Joh 2:19-22) en die gebruike verander wat Moses aan ons oorgelewer het' – *ethê* gedragpatrone wat deur die tradisie oorgedra en deur die gemeenskap aanvaar is; *allasō* om die karakter daarvan te verander. Dat Moses dit oorgelewer het impliseer dat dit van God af gekom het en deur Moses oorgedra is. Daarom is Stefanus se boodskap laster teen God en teen Moses so asof hulle twee dit nie gesê het nie. Of dat God en Moses die verkeerde pad aangedui het vir die lewe, vgl. die aanklag en doodsoordeel oor die profeet Jeremia in Jer 26:6-11. Om iemand tot die dood te veroordeel is twee getuies nodig (Deutr. 19:15). Die Griekssprekende Jode se aanklag teen Stefanus, dat Jesus die tempel van die Here sal afbreek, is daarop gemik om die Sadduseërpriesters op die Raad op te sweep met die bedreiging van hulle heilige werkplek. Die aanklag oor die Wet raak weer die Fariseërskrifgeleerdes wat hulle lewe wy aan die studie van die Wet van die Here. 6:15 En terwyl die Raadslede vol woede en haat stip na Stefanus gekyk het omdat hy alles wat vir hulle die heiligste is in gevaar stel, het almal wat in die Sanhedrin gesit het gesien sy aangesig is **soos die aangesig van 'n engel.**'n Bo-aardse glans weerspieël die heerlikheid van God wat by hom is (vgl. Hand 7:55). Die gesig van hierdie eerste bloedgetuie van Jesus het blink geword soos Moses se gesig blink geword het terwyl die Here met hom op

Sinai gepraat het (Eks 34:29-30). So het die voorkoms van Jesus se gesig verander terwyl Hy op die berg van verheerliking met sy Vader in gebed verkeer het (Luk 9:29; Matt 17:2 sê: Jesus se gesig het gestraal soos die son). Die stralende gesig van Stefanus vol van die Heilige Gees bewys dat God die ware getuie vir Stefanus teen die valse getuies voor die Hoogste Raad van die Jode is. Stefanus getuig juis oor die God van Israel en oor Jesus wat aan die regterhand van God staan (7:55).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die Handeling van die Apostels: Verkiesing van sewe medewerkers (Hand 6:1-7) – Francois Malan

6:1 'In dié dae' wys na 'n tyd nie lank na die vorige gebeurtenis nie. Die woord 'dissipels' wat dikwels in die Evangelies voorkom, kom hier vir die eerste keer in Handeling voor, en wel vir alle Jesusgelowiges, soos in Lukas 6:13,20 (*mathêtés* verwys na leerlinge of volgelinge). In die vorige hoofstukke is, benewens die twaalf apostels, verwys na 'broers,' (1:16;) of 'gelowiges' (2:44; 4:32) of 'eie mense' (4:23). Met 'n groeiende

gemeenskap van gelowiges ontstaan daar wrywing tussen die verskillende groepe.

Hierdie '**Helleniste**' verwys na die Joodse Jesusgelowiges wat Grieks

gepraat het en die Griekse vertaling van die Ou Testament in hulle sinagoges

gelees het (vgl. Hand 6:9; 11:20; Hellas is die Griekse naam vir Griekeland.

Griekeland is die naam wat die Romeine die land genoem het). Hulle was veral

Jode wat in die verstrooiing gebore en grootgeword het, en in hulle ouderdom in

Jerusalem kom woon het om in die heilige stad begrawe te word, en hier

Christene geword het. Hulle weduwees het waarskynlik nie familieledede in die

stad nie. Die 'Hebreërs' was Jode wat ook pas in Jesus begin glo het. Hulle het

Aramees gepraat, omdat hulle voorouers ná die ballingskap in Palestina kom woon

het, maar in die Babiloniese ryk Aramees grootgeword het. (Die naam Hebreërs

kom van Abraham se voorvader Heber uit die nageslag van Sem; Gen 10:21;

11:10-26; 14:13).

Daar het 'n klag onder die

Helleniste teen die Hebreërs ontstaan omdat hulle weduwees in die **daaglikse**

versorging oor die hoof gesien is. Die versorging het waarskynlik uit die

bydraes gekom wat 'aan die voete van die apostels neergelê is' (Hand 4:34-35).

Onder die Jode was daar die gebruik om elke Vrydag aan weduwees geld vir 14

maaltye te gee, wat die inwoners van die stad voorsien het. In

die Christelike gemeente word dit 'n daaglikse versorging). Hoewel die Hellenistiese Christene in die minderheid was in die eerste gemeente in Jerusalem, was daar onder hulle moontlik baie weduwees. Volgens Lukas was dit 'n gebrek in die organisasie van die groterwordende gemeente waarin die twaalf Joodse apostels die leiding geneem het.

6:2 Die twaalf (apostels; die enigste keer in Handeling wat na 'die twaalf' apostels verwys word. In 1:26 word dit veronderstel) het die leiding geneem in die organisasie van die gemeente in Jerusalem. Die twaalf het die groot groep dissipels bymekaargeroep en gesê: 'Dit is nie reg (voor God) dat ons (twaalf) die woord van God (die verkondiging van die evangelie in die tempel en in die huise, 5:42) verwaarloos om die tafels te bedien nie' – 'n idioom vir die finansies te hanteer, of om by etes te bedien; dit verwys in elk geval na die sorg aan behoeftiges. Die hele groep Christene kom deelneem aan die **verkiesing** van gelowiges om die finansies en die armsorg van die gemeente te organiseer.

6:3 Die broers word gevra om **sewe gerespekteerde mans** (*marturoumenous* oor wie goed gepraat word op grond van persoonlike ondervinding) uit hulle geledere uit te soek deur

noukeurige ondersoek (*episkeptomai* om te kies of uit te kies na 'n grondige ondersoek) wat hulle verantwoordelik kan maak vir hierdie taak. Hulle moet vervul wees met die Gees en met wysheid. Die goeie reputasie van die manne beteken dat hulle onselfsugtig en barmhartig teenoor behoeftiges moet wees, ook onpartydig tussen Helleniste- en Hebreër-weduwees, en eerlik met geld kan werk. Die vrug van die Gees moet in hulle lewe gesien kan word, soos in Galasiërs 5:22-23 uitgespel word, en vervul met wysheid om al hulle werk met mense te kan beplan en uit te voer (vgl. Eks 18:21; Num 27:18-20; 1 Tim 3:8-10). Die naam diakens (*diakonoï*) word nie hier genoem nie, maar in vers 3 word die werkwoord *diakoneō* (om te dien) gebruik.

6:4 Die apostels sal hulleself dan toewy (*proskartereō* om voort te gaan om iets met intense toewyding te doen) aan **gebed en die bediening (*diakonia*) van die woord** – die gebed vir die mense in die gemeente en buite die gemeente (2:42) en die verkondiging oor die opstanding van Jesus en oor alles wat hulle van Hom gehoor en beleef het (1:21; 4:20). Met dié bepaling en afgrensing van hulle opdrag is hulle seker dat hulle doen wat die Here wil hê (1:8; 5:20).

6:5 Hierdie voorstel het by die hele groep byval gevind. Dit is duidelik dat Jesus deur

die Heilige Gees

die **eensgesindheid** van die hele gemeente bewerk het (vgl. Matt 18:20:

waar twee of drie in my Naam byeen is, daar is Ek in hulle midde).

Die sewe manne wat hulle toe

gekies het, het almal Griekse name, en was moontlik Helleniste wat die

behoefte van die groot groep Griekssprekende weduwees die beste kon verstaan.

Sommige Hebreërs, veral uit Galilea waar baie meer Grieks gepraat is, het egter

ook Griekse name gehad. **Stefanus** was blykbaar 'n natuurlike keuse as 'n

man wat die vereistes wat voorgehou is in vers 3 ten volle gepas het: vol

geloof en die Heilige Gees. Sy geloof in die opgestane Jesus was by almal

bekend sowel as sy lewe wat die vrug van die Heilige Gees se werking in hom

vertoon het. Van Stefanus lees ons van 6:8 tot 8:1; van Filippus, nie die

apostel Filippus nie, in 8:4-40 en 21:8-10. Van die ander vyf vertel Lukas niks

verder nie, behalwe dat Nikolaus 'n proseliet uit Antiogië was. Anders as 'n

'godvresende' wat as nie-Jood slegs die Joodse lewenswyse aangeneem het (Hand

10:2), was 'n proseliet 'n nie-Jood wat ten volle tot die Jodendom oorgegaan

het en besny was as teken dat hy 'n volle lid van die volk van God was.

6:6 Die gemeente plaas die 7 manne voor die apostels en

biddende lê hulle die hande op die sewe man. Daar word nie gespesifiseer of die apostels die hande opgelê het of die hele gemeente nie. Dat hulle dit biddend doen wys dat hulle glo **die Here** stel die manne met die handoplegging aan vir hulle werk. So praat Paulus van die genadegawe van God wat in Timotheus is deurdat Paulus hom die hande opgelê het (2 Tim 1:6; volgens 1 Tim 4:14 was dit deur die Raad van ouderlinge in Listra), en waarsku hy Timotheus om nie iemand haastig die hande op te lê in sy werk as leier van die gemeente in Efese nie (1 Tim 5:22). So het die Here Moses beveel om Josua die hande op te lê in die teenwoordigheid van die hele volk om sy gesag aan Josua oor te dra (Num 27:18-22; 34:9). 6:7 Hier volg weer 'n opsommende terugblik op die ontwikkeling van die gemeente (soos in 2:41,47; 4:4; 5:14). 'En die woord van God het aanhou versprei...' (*auksanō* imperfektum hier: het steeds vermeerder) dit beteken deur die prediking van die goeie nuus (evangelie) deur die apostels en die gemeentelede, het die Heilige Gees meer en meer mense oortuig om in Jesus te glo as God se Verlosser. 'En die getal van die dissipels (*mathētai* leerders en volgelingen van Jesus) in Jerusalem het aansienlik vermeerder...' En dit ten spyte van die verbod en straf van die Raad om dit alles te beëindig, en ten spyte van die vrees/ontslag vir God met die Ananias en Saffira episode. Maar Gamaliël se woord aan die Raad word hiermee duideliker: '...as hierdie plan of onderneming van God af kom, sal julle dit nie kan keer nie' (5:39). Daarby is daar weer 'n stukkie humor. Die **priesters** wat die apostels volgens Hand 4:1-3 in die tronk gestop het, word gelowiges! Van destyds se 8 000 priesters was die meeste Sadduseërs wat nie in die opstanding van die dooies geglo het nie. Dat die Heilige Gees juis onder hulle, wat die apostels verbied het om in Jesus se Naam te praat, 'n groot menigte oortuig het om gehoorsaam te word in die geloof in Christus, is eintlik ironies, net die teenoorgestelde van wat verwag is.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)